education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

**NOVEMBER 2008**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:**

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE<br><br>Leerders kan die volgende doen: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

**1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V 2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**

- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**

- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs “feite” uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde” voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n koeëlpunt). By 'n antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ∧ |
| • verkeerde stelling | __________ |
| • irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\|<br>\| |
| • herhaling | **R** |
| • analise | **A**√ |
| • interpretasie | 1√ |

4. Die matriks

**4.1 Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

**4.2 Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I & A | VLAK 5 | 18 - 20 |

## GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | **VLAK 6**<br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun.Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 3**<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis.Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2**<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1**<br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord.Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemaal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

## GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80 – 100%**<br>**24 - 30** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70 – 79%**<br>**21 - 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60 – 69%**<br>**18 - 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50 – 59%**<br>**15 - 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40 – 49%**<br>**12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30 - 39%**<br>**09 - 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0 – 29%**<br>**0 - 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak |

## VRAAG 1: HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?

1.1
1.1.1 *[Onttrekking en verduideliking van bewyse uit Bron 1A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Sowjet-Unie gaan nie rewolusionêre idees na ander lande uitvoer nie
- Sowjet-Unie het besluit om nie by teenrewolusionêre aktiwiteite betrokke te raak nie
- Destabilisasie aanwakker in lande wat nie pro-Sowjet-Unie was nie (enige1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Die ANC was ekonomies, polities en militêr verswak
- Verontrief omdat hulle op die Sowjet-Unie aangewese was vir militêre steun en opleiding
- ANC van belangrike bondgenoot beroof (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 1A – V2 - LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Koste van die Koue Oorlog was besig om die land se hulpbronne te vernietig
- Op sy eie ontwikkeling gefokus
- Nie meer in ander lande se sake ingemeng ten koste van die Sowjet-Unie
- Uitdaging vir Russiese ideologie in 'n kapitalistiese wêreld (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Sintese van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Die ANC gesien as verantwoordelikheid (van geen waarde vir Rusland)
- Geen voordeel vir Sowjet-Unie om by ANC betrokke te wees nie
- Verandering in buitelandse verhoudinge met Gorbachev se oorname (enige 1 x 3) (3)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- ANC het met skok en ongeloof reageer
- ANC moes homself hervoorstel as 'n bevrydingsorganisasie
- ANC was verplig om met 'n proses van onderhandeling te begin met die apartheidregering
- ANC sien verandering in houding as 'n groot terugslag vir die bevrydingstryd

(enige 1 x 3) (3)

1.2
1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- De Klerk ontmoet internasionale leiers om advies te kry oor hoe hy Suid-Afrika se politieke plan moet verander
- Om uit te vind of die internasionale gemeenskap Suid-Afrika se transformasieproses sal ondersteun
- Om advies te soek oor hoe die politieke veranderinge ekonomiese beleggings en ontwikkeling sal raak (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Verduideliking en interpretasie - gebruik Bron 1B – V2 – LU (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS3)]*

- De Klerk kon nie langer die verhouding tussen die ANC en Sowjet-Unie as 'n verskoning gebruik om nie met die bevrydingsorganisasies te onderhandel nie
- Die ontdooiing van verhoudings op internasionale vlak as gevolg van veranderinge in Rusland het De Klerk laat besef dat hy ook veranderinge en hervorming in Suid-Afrika moet aanbring as hy deel van die internasionale wêreld wou wees.
- Dit het De Klerk gehelp om sy party en regering te oorreed dat die 'kommunistiese gevaar' verby was (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Bepaal hoe akkuraat Bron 1B is – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Dit is akkuraat want onderhandelinge vir onafhanklikheid in Namibië was glad en vreedsaam
- Namibië se onafhanklikheid kon Suid-Afrika motiveer om ook te begin met 'n onderhandelingsproses (enige 1 x 3) (3)

1.2.4 *[Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3)]*

- Ekonomiese sanksies
- Interne rasse-onrus
- Finansiële krisis
- Min besigheidsvertroue
- Druk van die internasionale gemeenskap
- Land op die rand van wanorde
- ANC se verswakte posisie - die tyd was ryp vir verandering (enige 2 x 1) (2)

1.3

1.3.1 *[Vergelyk bewyse in Bronne 1A & 1B – V3 – LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

Kandidate moet na beide Bronne 1A en 1B in hulle antwoorde verwys.
Bron 1A vul Bron 1B soos volg aan:

- Bron 1A beklemtoon die politieke veranderinge in Rusland en die einde van die Koue Oorlog onder Gorbachev
- Bron 1B beklemtoon De Klerk se politieke veranderinge aan die beleid van apartheid en die begin van die proses van onderhandelinge met swart politieke organisasies

(2 x 2) (4)

1.3.2 *[Seleksie, analise en sintese van bewyse uit Bronne 1A & 1B – V2 & 3 – LU2 (AS3); LU3 (AS2 & 3)]*

Kandidate kan Bron 1A of Bron 1B kies en hulle standpunt met relevante bewyse ondersteun.

**Bron 1A is BRUIKBAAR** omdat dit die volgende uitlig:

- Redes hoekom Gorbachev met 'n proses van politieke verandering begin het
- Die impak wat politieke veranderinge in Rusland op beide die ANC en die Nasionale Party-regering gehad het
- Gorbachev se hervormings het gehelp om Suid-Afrika se onderhandelingskikking te bespoedig

**Bron 1B is BRUIKBAAR** omdat dit die volgende uitlig:

- De Klerk se pogings om Suid-Afrika se politieke bedeling te verander
- Die einde van Rusland se steun vir die ANC het De Klerk beïnvloed om met die ANC te begin onderhandel
- Beide Rusland en die VSA het hulle troepe uit Angola begin onttrek
- Namibië het onafhanklik geword en dit het De Klerk se regering aangemoedig
- Faktore soos ekonomiese sanksies en rasse-onluste het bygedra tot De Klerk se hervormingsmaatreëls
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU1(AS3); LU2 (AS2)]*

- Alle politieke gevangenes moes ingevolge De Klerk se parlementêre bevel vrygelaat word
- Suid-Afrika moes met 'n proses van onderhandeling begin (2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1 – LU1(AS3)]*

- Hulle was die leierskap van die ANC
- Hulle het lewens opgeoffer vir die bevrydingstryd - vorm dus belangrike komponent van enige toekomstige veranderinge in Suid-Afrika (enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1C – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

(a) Sou met woede en frustrasie optree
Sou ongelukkig gewees het met die vrylating van hierdie politieke aktiviste (1 x 2) (2)

(b) Sou die vrylating van hulle leiers verwelkom het
Sou gelukkig gewees het om hulle helde terug te verwelkom (1 x 2) (2)

*1.5* *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2 & 3); LU3 (AS2)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Veranderinge in Rusland se buitelandse beleid - Glasnost en Perestroika
- Ondertekening van die ooreenkoms in 1988 tussen Suid-Afrika en die Sowjet-Unie
- Die einde van die ANC se gewapende stryd
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier bv. **Toon min of geen begrip vir die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika se politieke bestemming verander het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **Toon begrip vir die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika se politieke bestemming verander het**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer deeglike begrip van die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika se politieke bestemming verander het**<br>• Bewyse hou goeie verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in goed georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

(6)

## 1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 & 4); LU 2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet bespreek hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika beïnvloed het. Kandidate moet bespreek hoekom die NP sy houding en beleid teenoor weerstandsorganisasies verander het.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik hoe Gorbachev se beëindiging van kommunisme De Klerk se denke beïnvloed het.

UITBREIDING
- Gorbachev se rol in die beëindiging van kommunisme
- Die instelling van Glasnost en Perestroika in Rusland
- Die impak van Glasnost en Perestroika op Suid-Afrika
- De Klerk kon nie langer die argument gebruik dat apartheid 'n teenvoeter vir kommunisme was nie
- Verbanne politieke organisasies kon nie meer as kommunisties geïnspireerde terroriste beskou word nie
- De Klerk was verplig om met voorheen verbode politieke organisasies soos die ANC te onderhandel
- Die weg gebaan vir gesprekvoering met die ANC wat gelei het tot die proses van demokrasie in Suid-Afrika
- Proses van onderhandelinge begin om apartheid te beëindig
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet hulle argument met relevante bewyse afsluit.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

1.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te formuleer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet 'n verslag skryf waarin hulle verduidelik hoe die einde van kommunisme in Rusland die apartheidsregering en die ANC gedwing het om te besef dat die enigste oplossing in onderhandeling gelê het.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet bewys hoe belangrik Gorbachev se hervormings was om die ANC en die apartheidsregering te dwing om met onderhandeling te begin.

UITBREIDING
- Eerstens, die ANC is gedwing om met die apartheidsregering te begin onderhandel omdat hy geen militêre, rewolusionêre en ekonomiese hulp van die Sowjet-Unie sou kry nie
- Die einde van kommunisme het gelei tot die onttrekking van Kubaanse troepe en MK-soldate uit Angola
- Onafhanklikheid in Namibië gesien as voorloper tot onderhandelingskikking
- ANC moes nou na sy eie belange omsien a.g.v. die veranderende internasionale klimaat
- ANC en apartheidsregering onder druk om vreedsame en werkbare oplossing te vind
- Tweedens, apartheidsregering gedwing om met ANC te onderhandel a.g.v. interne en eksterne faktore
- Eksterne faktore (ineenstorting van Sowjet-Unie, Gorbachev se hervormings-proses, onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola, druk van Brittanje en VSA om te verander, ens)
- Interne faktore (ekonomiese stilstand, rasse-onrus, finansiële krisis, ens)
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet die verslag afsluit met 'n relevante samevatting. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR TOT DIE HERVOORSTELLING VAN BENIN (WES-AFRIKA) IN DIE 1990's GELEI?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Gorbachev se hervormings – beleid van Glasnost en Perestroika (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Analise van historiese begrippe uit Bron 2A – V1 – LU2 (AS1)]*

(a) Glasnost

- Openlikheid – mense praat vrylik
- Kan die regering kritiseer
- Sou tot demokratiese instellings en vrye verkiesings lei
- Hervormings sodat die kommunistiese stelsel meer doeltreffend en demokraties werk (enige 1 x 2) (2)

(b) Perestroika

- Hervorming
- Rusland se ekonomie herbou
- Kommunistiese stelsel hervorm - nie met kapitalisme vervang nie
- Politieke herwaardering van Rusland se regeringstelsel (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU (AS3); LU2 (AS2)]*

- Onderdrukkende regerings nie meer van waarde vir die Weste (motief om ondersteuning vir die Weste te kry nie meer daar)
- Eenparty-state bevorder nie ekonomiese ontwikkeling en groei
- Klem verskuif na demokratiese hervorming
- Druk van die Wêreldbank om demokrasie te ondersteun – beter vir ekonomiese groei
- Ontstaan van nuwe wêreldorde wat klem lê op gesonde regering, ekonomiese groei en politieke stabiliteit (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bronne 2A – V2 – LU2 (AS2); LUO3 (AS2 & 3)]*

**Brittanje sou hulp verleen aan lande wat aan die volgende vereistes voldoen**:

- Gesonde demokratiese, veelvuldigeparty-stelsels
- Gesonde regering
- Verantwoordelikheid
- Respek vir die land se wette
- Aanhangers van die vryemarkstelsel (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU3 (AS2 & 3)]*

Ja, skrywer het verandering in die regering vir die volgende redes ondersteun:

- Bewyse ondersteun verandering bv. Sowjet-Unie – Glasnost en Perestroika
- Brittanje se hulp onderhewig aan sekere vereistes – m.a.w. verander na demokrasie en kapitalisme (1 x 3) (3)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU2 (AS2)]*

- Korrupte en ondoeltreffende bestuur
- Land bestaan tot voordeel van die leier en sy ondersteuners (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrek relevante bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*

- Tekort aan staatsfondse om salarisse te betaal (onderwysers en staatsamptenare)
- Ineenstorting van staat se bankstelsel
- Oneerlike optrede deur Kerekou en sy binnekring
- Korrupte optrede deur Kerekou
- Staatsfondse gebruik vir persoonlike wins (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking en interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Westerse veroordeling en verwerping van sy bewind
- Kon nie daarin slaag om Westerse hulp te kry nie
- Kon geen ekonomiese hulp van Sowjet-Unie kry nie
- Regeringstelsel kan nie langer die land onderhou nie (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Verduidelik bruikbaarheid van Bron 2B – V3 – LU1 (AS4); LU2 (AS2); LU3 (AS2 & 3)]*

- Die bron verwys na relevante sake in Benin
- Dit dui op weerstand teen onderdrukking en die behoefte vir verandering
- Dit gee insig en historiese inligting oor die toestand in Benin
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Verstaan nie of verstaan slegs gedeeltelik die begrip bruikbaar<br>• Beskik nie oor die vermoë om die bruikbaarheid van die bron(ne) te bepaal nie | **Punte: 0 – 1** |
| **VLAK 2** | • Verstaan die begrip bruikbaar<br>• Het redelike vermoë om die bruikbaarheid van die bron(ne) te bepaal | **Punte: 2 – 3** |
| **VLAK 3** | • Verstaan hoe en het die vermoë om die bruikbaarheid van die bron(ne) te bepaal<br>• Die kandidaat gebruik hierdie vermoë om 'n duidelike en grondige gevolgtrekking oor die bruikbaarheid van die bron(ne) te maak | **Punte: 4 – 5** |

(5)

2.3
*2.2.2 [Onttrek relevante inligting uit Bron 2C – V1 – LU1 (AS3)]*
- Eerste werklike poging om mag te bekom na onafhanklikheid (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
Kandidate kan besluit 'geregverdig' of 'nie geregverdig nie' en moet hulle antwoord met redes ondersteun:

**GEREGVERDIG**
- Kerekou was bereid om te erken dat hy sy mag misbruik het
- Kerekou het sy steun vir verandering gegee
- Versoening – wys demokrasie in aksie
- Enige annder relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG NIE**
- Kerekou moet vir korrupsie en swak regering verhoor word
- Stuur 'n boodskap uit dat korrupsie en swak regering verduur word
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V3 – LU2 (AS2); LU3 (AS2 & 3)]*
- Polities meer oop en minder onderdrukking maar die lewens van gewone burgers het nie veel verander nie
- Magtige persone aan bewind bevoordeel nog steeds die elite en nie die gewone burger nie
- Bemagtiging van gewone burger het nog nie begin nie (enige 2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2 – LU1 (AS3)]*
- Sowjet-Unie het Afrika 'gelos'; nie verder betrokke by Afrika se besluitnemingsproses nie
- Afrika nou vry van Sowjet-invloed en kan homself as 'n onafhanklike entiteit ontwikkel
- Politieke hervorming in Rusland onder Gorbachev het daartoe gelei dat Afrika vry is van Russiese gebondenheid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.2. *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2D – V3 –LU (AS2 & 3)*

Kandidate moet verduidelik hoekom die boodskap akkuraat is.

**AKKURAAT**
- Afrika was lank onder neo-koloniale en supermoondhede se beheer
- Die bewyse toon die tydperk van verandering in Afrika vanaf koloniale of Russiese beheer en invloed tot politieke en ekonomiese vryheid
- Dit was regstreekse uitvloeisel as gevolg van die nuwe beleidsrigtings van Gorbachev in Rusland (2 x 2) (4)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V3 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS2 & 3); LU3 (AS2, 3 & 4]*

In die beantwoording van hierdie vraag moet die kandidate redes gee vir hulle keuse van die bron en dit met relevante bewyse ondersteun.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op eenvoudige manier bv. **Geen of min begrip van die verband tussen visuele en geskrewe bronne nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **Verstaan die kuns van seleksie en kan verduidelik hoe 'n geskrewe bron 'n visuele bron aanvul**<br>• Gebruik bewyse op baie basiese manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n begrip in die selektering en verduideliking van hoe 'n geskrewe bron 'n visuele bron aanvul**<br>• Bewyse hou goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

(6)

## 2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie saamstem nie. Kandidate moet aandui hoe hulle hul gegewe argument gaan ondersteun. Hulle moet aandui watter gevallestudie hulle gaan gebruik: Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik of die ineenstorting van die Sowjet-Unie 'n groot impak op Afrika gehad het of nie. Kandidate moet 'n aanduiding gee van watter gevallestudie hulle gaan gebruik: Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika om hulle standpunt te ondersteun.

UITBREIDING
**Die ineenstorting van die USSR het 'n groot impak op Afrika gehad**
- Veranderinge in die Sowjet-Unie en Oos-Europa het die USSR genoodsaak om hulle rol in Afrika te verander
- Gorbachev se beleid van Glasnost and Perestroika – USSR genoodsaak om uit Afrika te onttrek
- Ondergang van Marxisme-Leninisme
- Einde van die Koue Oorlog - Weste se houding teenoor Afrika verander
- Die Weste het nie langer bondgenote in Afrika nodig om die invloed van die USSR teen te werk nie
- Demokrasie en kapitalisme meer gewild as kommunisme
- Gesonde regering en verantwoordelikheid vervang onderdrukking en staatsbeheer
- Ekonomiese groei op demokratiese regeringstelsel geskroei, soos later duidelik geraak het
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat deur te verduidelik of die ineenstorting van die USSR wel 'n groot impak op Afrika gehad het of nie.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

2.6.2 *[Sintese van inligting om oorsproklike argument te vorm. Gebruik inligting uit bronne en eie kennis om argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
In hulle verslag moet kandidate let op die veranderinge wat in Benin plaasgevind het na die oorskakeling na demokrasie. Kandidate moet aanbevelings in al drie sfere, nl. ekonomies, polities en maatskaplik, maak.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate moet op ekonomiese, politieke en maatskaplike transformasie binne 'n demokratiese stelsel aandag gee.

UITBREIDING
EKONOMIES
- Handhaaf gesonde regering - skep stabiele politieke klimaat
- Buitelandse beleggings bekom
- Volg kapitalistiese markbeginsels
- Rig uitnodigings aan bekende en gerespekteerde ekonomiese raadgewers om beamptes op te lei
- Verminder werkloosheid
- Wissel ekonomie af
- Handhaaf goeie balans tussen landbou en nywerheid
- Skakel korrupsie in staatsdiens uit
- Ontbloot bedrog
- Verkry lenings van die Wêreldbank
- Hervorm bankstelsel
- Enige ander relevante antwoord

POLITIES
- Gesonde regering en deursigtigheid
- Ontbloot korrupsie in die staatsdiens
- Respek vir landswette
- Volg demokratiese beginsels - vry en regverdige verkiesings
- Respek en verdraagsaamheid teenoor opposisie

MAATSKAPLIK
- Fokus op onderwys en gesondheidskwessies
- Handhawing van basiese menseregte
- Spreek werkloosheid en behuising aan
- Verhoog basiese lewenstandaarde - meer mense kan bydrae tot ekonomie maak
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat deur die hervoorstelling van Benin op ekonomiese, politieke en maatskaplike vlak te verduidelik. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

## VRAAG 3: WAS DIT DIE GROOTMOEDIGHEID VAN DE KLERK WAT DIE WEG VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA GEBAAN HET?

3.1

3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A –V2 – LU1 (AS3)]*

- Onverwagte aankondiging deur De Klerk in Suid-Afrika se parlement oor die vrylating van die bevrydingsikoon Nelson Mandela
- Dit lei tot die sistematiese afbreek van apartheid en sien die einde van wit minderheidsregering
- Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap was hoopvol oor Suid-Afrika se toekoms (enige 2 x 2) (4)

3.1.2 *[Onttrekking uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Onderliggend hieraan is die groeiende besef deur 'n toenemende aantal Suid-Afrikaners dat slegs 'n onderhandelde skikking deur die verteenwoordigende leiers van die hele bevolking blywende vrede sal verseker. (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Verduideliking - gebruik Bron 3A – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS3)]*
Kandidate moet 'n keuse maak uit die stappe wat De Klerk geneem het en hulle moet hulle antwoord kan bewys. Hulle moet op die volgende aspekte klem lê:

- Die verbod ophef op politieke organisasies en partye
- Vrylating van politieke gevangenes
- Onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela
- Proses van onderhandeling (enige 3 x 2) (6)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Westerse magte reageer met 'n gevoel van verligting
- Daar was hoop en bemoediging vir 'n blinker en beter toekoms vir Suid-Afrika
- Word nie meer op Suid-Afrika neergesien as land wat op die drumpel van oorlog en vernietiging staan nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Verduideliking van konsep – V1 – LU2 (AS1)]*

- Groot aantal mense wat betrokke was in verskillende tipes protes
- Protesaksie deur getalle gekenmerk
- Enige ander relevante respons (enige 1 x 3) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse - gebruik Bron 3B – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Apartheid is nie beëindig nie
- Leiers was steeds in aanhouding
- Wou druk op apartheidregering verhoog totdat demokrasie ingestel is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse - gebruik Bron 3B – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Ons behoort voort te gaan met ons protes/massa-aksie totdat daar aan ons eise voldoen word
- Terwyl ons voortgaan met protes, sal ons verenig wees
- Alle vredeliewende Suid-Afrikaners moet verenig word totdat demokrasie verkry is
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse – gebruik Bron 3B – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Mandela het 'n futuristiese begrip van die politiek en wêreld in geheel gehad
- Mandela kon vergewe en versoen raak met die agente van apartheid ter wille van 'n beter en voorspoedige Suid-Afrika
- Mandela kon saam met sy vyande werk om 'n beter Suid-Afrika te bou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van bewyse – gebruik Bron 3B – V2 & 3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Vrylating van Nelson Mandela
- 'n Nuwe era in Suid-Afrikaanse politiek het aangebreek
- Afrika was nie volkome bemagtig nie
- Uiteindelik vryheid, vlerke om soos 'n voel die wêreld in te vlieg
- Suid-Afrika gesimboliseer deur Mandela – laaste voël (leier) om uit ingehokte Afrika te ontsnap
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Verduideliking en analise – gebruik Bron 3C – V2 & 3 – LU1(AS3); LU3 (AS1 & 2)]*
Baie toepaslik vir 'n historikus: Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.
- Toon die vrylating van Mandela in die 1990's
- Met die vrylating van Mandela is daar nuwe hoop vir Suid-Afrika en in der waarheid ook vir die res van Afrika
- Baie simbolies - Afrika 'n gevangene - nou met die vrylating van Mandela 'n nuwe begin vir Afrika
- Enige ander relevante antwoord (5)

3.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V1 - 3 – LU1 (AS1); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*
Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle respons in te sluit:
- Implikasies van De Klerk se parlementêre toespraak
- Vrylating van Mandela
- Opheffing van die verbod op politieke partye
- Pretoria en Groote Schuur Minuut
- Voortsetting van die stryd/massa-aksie
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op baie elementêre wyse, bv. **Toon min of geen begrip vir die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika in 1990 verander het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse redelik relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n begrip vir die belangrikste gebeure wat Suid-Afrika in 1990 verander het bv. De Klerk se toespraak/vrylating van Mandela**<br>• Gebruik bewyse op baie basiese manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relrvante bewyse, bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip en kennis van die belangrike gebeure wat Suid-Afrika in 1990 verander het, bv. De Klerk se toespraak/vrylating van Mandela**<br>• Bewyse hou goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse baie effektief, in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

(6)

## 3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet standpunt inneem en verduidelik hoe hulle hul standpunt gaan regverdig. Indien hulle met die stelling saamstem, moet kandidate verduidelik hoekom De Klerk se vrylating van Mandela 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis was. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hulle standpunt kan verduidelik. Sleutel historiese gebeure moet genoem en verduidelik word.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem: stelling ondersteun of nie ondersteun nie.

UITBREIDING
- Vrylating van Mandela
- Proses van onderhandeling en hervorming
- Pretoria Minuut
- Groote Schuur Minuut
- KODESA 1 en 2
- Rekord van Verstandhouding
- 1994-verkiesing
- Nuwe Grondwet
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat met relevante slot. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

3.5.2 *[Sintese van inligting om oorspronklike argument te vorm. Gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun -
V2 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate kan 'n spesifieke standpunt inneem in hulle respons op die koerantberig. Indien kandidate met die berig saamstem, moet hulle verduidelik of dit De Klerk se grootmoedigheid was wat Suid-Afrika van ondergang gered het. Indien kandidate nie met die stelling saamsrtem nie, moet hulle verduidelik waarom hulle nie saamstem nie.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem: of saamstem met stelling of nie saamstem nie.

UITBREIDING
- Betekenis van De Klerk se toespraak vir SA
- Vrylating van Mandela
- Hervormings ingestel
- Interne en eksterne druk
- Teenkanting deur sy hervormings ondervind
- Hantering van opposisie
- Met beslissing en intuïsie optree
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat met relevante slot. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE GENESING VAN DIE WONDE VAN 'N VERDEELDE SUID-AFRIKA?**

4.1

4.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Dit het gedien om menseregteskendings en misdade wat deur die apartheidregime gepleeg is, bloot te stel
- Dit dien as 'n platform vir gewone mense om hulle lyding te ontbloot (2 x 1) (2)

4.1.2 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 4A – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Vrees vir vervolging
- Sou nie die verlangde hoop op rekonsiliasie bring nie
- Wou nie graag ou wonde oopmaak nie
- Dit sou die apartheidregime se skending van menseregte ontbloot
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

4.1.3 *[Interpretasie en verduideliking – V3 – LU1 (AS3); LU2 (A2); LU3 (AS2)]*
- Hulle kon oor die trauma wat hulle ervaar het, praat
- Hulle wou rekonsiliasie/versoening hê
- Hulle wou die waarheid hoor
- Hulle wou 'n einde hê
- Om uitdrukking te gee aan hulle opgekropte emosies van woede en haat
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Werk van die WVK was omvangryk/uitgebreid
- Mense kon na die werk van die WVK verwys indien nodig
- Bied aan gewone mense die geleentheid tot volle onthulling/openbaarmaking
- Mense kan leer om nie dieselfde foute as in die verlede te maak nie
- Afskuwelikheid van die misdaad gedurende die tydperk van die apartheidregime
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.2

4.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
- Sy wou die waarheid hoor - later sou sy hulle vergewe
- Sy wou hulle teregwys/berispe en hulle presies vertel wat sy van hulle dink
- Wou 'n einde bring aan 'n saak wat so lank by haar gespook en haar seergemaak het
- Enige ander relevante respons (enige 1 x 3) (3)

4.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*
Kandidate kan aandui JA of NEE en behoort hulle standpunt met relevante redes te ondersteun.

**JA**
- Hy verskyn voor die WVK en was eerlik oor sy betrokkenheid by die sterftes
- Na die erkenning van sy betrokkenheid verlang hy afsluiting
- Hy aanvaar verantwoordelikheid
- Soek vergifnis deur berou te toon
- Enige ander relevante respons

**NEE**
- Hy sien dit as 'n geleentheid om homself van vervolging te vrywaar/bevry
- Hy was meer geïnteresseerd om homself te beskerm
- Hy gebruik die geleentheid om die staat te verraai en homself te beveilig
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Was 'n vorm van versoening
- Volgens die WVK het Coetzee 'n volle bekentenis gemaak
- Toon dat die WVK toegewyd was aan 'n proses van heling van 'n volk
- Verskaf 'n ope forum vir ander skuldiges aan apartheidsmisdade om na vore te kom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

4.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
Kandidate mag aandui of die standpunt 'geregverdig' of 'nie geregverdig nie' is en moet hulle antwoord met relevante redes ondersteun.

**GEREGVERDIG**
- Mense is bewus gemaak van die misdade wat tydens apartheid gepleeg is
- Was 'n vorm van suiwering
- In baie gevalle lei dit tot afsluiting
- Koester versoening
- Enige ander relevante respons

**NIE GEREGVERDIG NIE**
- Baie skuldiges het nie die verhore van die WVK bygewoon nie
- In sommige gevalle was daar nie 'n volle ontboeseming nie
- Daarom was dit vir slagoffers moeilik om dit ten volle af te sluit
- WVK het nie daarin geslaag om versoening tussen slagoffer en oortreder te bring nie
- WVK beskou as slegs ‘talk shop’
- Geen doeltreffende strafmaatreëls vir skuldiges nie
- Geen mag om skuldiges te vervolg nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Kan bevooroordeeld wees
- Standpunte van mense wat aan die WVK deelgeneem het, kan dalk nie outentiek wees nie
- Standpunte van ander mense wat nie ten gunste van die WVK was nie, word nie gegee nie
- Standpunte van die andersdenkendes word nie korrek vasgevang nie
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.4

4.4.1 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bronne 4C & 4D – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Die politieke spanning wat voortduur gedurende sy operasies
- Partye beskuldig die WVK van 'n 'heksejag' i.p.v. 'n eerlike instrument tot nasionale versoening
- Die Kommissie se grootste politieke flater was die tendens om [in te gee] tot hierdie politieke groeperings in 'n poging om hulle tot die proses te verbind
- Vir herstellende geregtigheid om te slaag, moet slagoffers sien hoe oortreders berou toon. Dat hierdie nie uit die politieke party wat die land onder apartheid regeer het nie, voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

*[Interpretasie van bewyse uit Bronne 4C & 4D – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2 & 3)]*
- Toon hoe die opposisie die voorsitter van die WVK, Desmond Tutu, krities aanval.
- Oor die algemeen was mense ontevrede met .die uitslag van die WVK
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

4.4.3 *Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bronne 4C & 4D – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
Kandidate mag Bron 4C of Bron 4D kies en moet hul keuse met relevante redes ondersteun:

**BRON 4C**
- Bron 4C gee 'n gebalanseerde perspektief oor die werksaamhede van die WVK
- Dit verskaf historiese inligting wat bewys kan word
- Hierdie bron verskaf bruikbare leidrade vir 'n historikus wat die werk van die WVK ondersoek
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 4D**
- Die spotprent verskaf inligting oor die belangrike rolspelers van die WVK
- Dit toon hoe sake ontvou het gedurende die werk van die WVK
- Hierdie spotprent verskaf 'n kritiese werk van die WVK
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- WVK bied 'n forum vir mense om hulself te bevry van hulle opgekropte emosies van skuld, lyding en haat
- Verskaf 'n gestruktureerde platform vir verligting in die vorm van amnestie of finansiële kompensasie
- Die eerste is dat dit 'n merkwaardige verreikende openbare blootstelling van menseregteskendings en misdade onder die apartheidsregime openbaar het
- Dit dwing 'n voorheen huiwerige bevolking (alhoewel dit natuurlik steeds ontken word) om te erken apartheid was moreel onverdedigbaar, dat dit 'n misdaad teen menslikheid is
- Dit laat gewone mense toe om uitdrukking aan hulle lyding onder die regime te gee
- Dit was 'n volkome suiwering (terapeuties en helende] funksie vir baie slagoffers
- Dit is in 'n sekere sin 'n vorm van versoening wat reeds plaasgevind het
- Begeerte om hulself te bevry van die laste van die verlede en vooruit te kyk na 'n beter toekoms
- Om vorentoe te kyk in plaas van vasgevang te bly in die verlede
- WVK het die gedagterigting van mense verander van verdeling en haat na eenheid en liefde
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse op baie elementêre wyse bv. **Toon geen of min begrip in die rol van die WVK om afsluiting te bring teen die euwels van apartheid**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en verband hou met die onderwerp bv. **Toon begrip in die rol van die WVK om afsluiting te bring teen die euwels van apartheid**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne bv. **Demonstreer deeglike begrip en kennis in die rol van die WVK om sluiting te bring teen die euwels van apartheid**<br>• Onttrek bewyse – hou goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 6** |

(6)

## 4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse - gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet 'n kritiese bespreking gee van die sukses van die WVK om die wonde van 'n verdeelde Suid-Afrika te genees. Hulle moet hulle standpunt met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem: Suksesvol of nie suksesvol nie of enige ander relevante inleiding.

UITBREIDING
Kandidate kan noem dat die WVK óf 'n sukses óf 'n mislukking was.

**SUKSESVOL**
- Mense het gevalle aangemeld
- In sommige gevalle was daar werklik 'n poging tot versoening
- In sommige gevalle was daar afsluiting
- Families het mense vergewe
- Ander was baie kwaad - van mening dat die skuldiges weggekom het met menseregteskendings
- Amnestie het kritiek uitgelok
- Tog, met die bekendstelling van die verslag, was daar die gevoel dat dit die grondslag vir versoening gelê het
- Nuwe grondwet ondersteun die idee van nasionale eenheid gebaseer op versoening en die heropbou van die gemeenskap

**ONSUKSESVOL**
- Sommige skuldiges het nie voor die WVK verskyn nie
- Ander was kwaad – geglo dat skuldiges van erge menseregteskendings sonder straf weggekom het
- Politieke spanning het tydens die verhore geheers
- Baie het gevoel dat die WVK aspekte van die verlede ondersoek wat dalk hul politieke geloofbaarheid kan skaad
- Partye het die WVK daarvan beskuldig dat dit 'n 'heksejag' eerder as 'n werklike instrument om nasionale versoening teweeg te bring, was, en het die Kommissie se werk gefrustreer deur dikwels regsaksie teen die WVK te bring
- Vir herstellende geregtigheid om te slaag, moet die slagoffers sien dat die oortreders berou toon. Dit het nie gebeur van die kant van die politieke party wat die land tydens apartheid regeer het nie.
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet argument met relevante gevolgtrekking saamvat.

(30)

**Gebruik matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

4.6.2 *[Sintese van inligting om oorspronklike argument te konstrueer wat bewyse uit die bronne en hul eie kennis gebruik om die argument te ondersteun - L2 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Met die skryf van hulle verslag moet kandidate aandui of die WVK suksesvol was om te help met die proses van versoening, geregtigheid en vergifnis. Hulle moet hulle antwoord ondersteun met relevante voorbeelde en gevallestudies.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate moet 'n duidelike standpunt inneem en aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord.

UITBREIDING
Kandidate moet evalueer of die WVK suksesvol was of nie met die proses van versoening/rekonsiliasie, geregtigheid en vergifnis.

- Bedrywighede van die WVK – kortliks
- Openbare bekentenisse het onthul hoeveel geweld plaasgevind het.
- Meningsverskille – oorlogsmisdaadtribunale – heksejag
- Mandela het geglo dat dit noodsaaklik was dat die ongeregtighede van die verlede gesuiwer word sodat Suid-Afrika kon voortbeweeg
- In sekere opsigte het die WVK versoening/rekonsiliasie bevorder – gebruik relevante voorbeelde
- Ander was kwaad – het geglo dat die skuldiges aan erge menseregteskendings nie sonder straf moet wegkom nie
- Amnestie was kontroversieel
- Toe die verslag egter voorgelê is, was die gevoel dat dit die grondslag gelê het vir rekonsiliasie, geregtigheid en vergifnis
- Nuwe grondwet het die idee van nasionale eenheid gebaseer op rekonsiliasie en die rekonstruksie van die samelewing ondersteun
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met relevante gevolgtrekking saamvat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou